MNR BASSON: Ja, Mnr die Voorsitter, daar was as ek my reg herinner, was daar spesifieke lyste beskikbaar met aktiviste se name op.

Dit is nie noodwendig, 'n mens moet dit nie sien in die sin dat dit 'n teikenlys is nie, met ander woorde die persoon moet voor die voet, as jy hom in 'n hysbak sien, moet hy doodgaan nie. Dit is glad nie die bedoeling gewees van 'n teikenlys per se nie.

Daar word miskien daarna verwys as 'n teikenlys, maar dit beteken na regte potensiele persone wat 'n gevaar inhou wat met die nodige beplanning en oorleg en goedkeuring 'n plan mee gemaak kon word, in terme van ontwrigting.

Ja, natuurlik met die nodige inligting en stawende aspekte rondom die motivering om dit wel te doen.

MR MAGADLA: Yes, I think that is perhaps even from our first approach is that we sought to establish because for instance if there had to be some person whom we would have thought was your target, thinking that a target is a person you would have killed, and ...

MNR BASSON: U kan voortgaan.

MR MAGADLA: Yes, then an explanation helps us in that it is not all people regarded as targets that were killed.

MNR BASSON: U is heeltemal reg. Dit is hoekom ek sê dat as 'n naam op 'n lys staan is dit nie te sê die persoon is 'n teiken nie. Die persoon se naam staan op 'n lys moontlik as gevolg van inligting wat êrens oor hom bekom is en nou word die persoon se naam gelys.

Met ander woorde, as ons inligting kry van 'n persoon wat dui op ernstige bedreiging vir die regering van die dag, en sy naam verskyn op die

lys, dan is dit miskien suiwer toevallig dat sy naam verskyn en dit is dan nou meer rede om dan nou die beskikking dan nou te vergelyk met die naam op die moontlike aksie te beplan.

Ja, 'n persoon kan natuurlik soos Mnr Du Plessis sê, bewys word al staan sy naam op 'n lys, so in kort, 'n teikenlys is nie 'n goedkeuring dat 'n persoon net geëlimineer mag word nie, dit is nie so nie.

MR MAGADLA: Isn't it strange Mr Basson that you should call them a target list, why don't you say a list of suspects for instance, a list of people in whom we are interested? I mean what is this thing about target?

And in any even you know, doesn't it raise and doesn't it back the other question that some of these so-called target lists were not being targeted for elimination were in fact eliminated and given the nature of how you were constituted, you were a covert body, you know and none of your, and you were perceiving the conflict as a conflict in which there were terrorists on the other hand and defenders of the South African State on the other hand.

Isn't that language, he wasn't at a language specifically designed to exactly cause witnesses like you to resort to those sort of (indistinct), that when it says target, we don't necessarily mean target for elimination?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, 'n persoon met 'n Militêre agtergrond soos ek, praat van teikens. Persone van die Polisie sal moontlik praat van "suspects", maar wat ek probeer sê is dat al word daar verwys na 'n teikenlys is dit nie, is dit 'n moontlike teiken, maar dit is nie 'n

definitiewe teiken alvorens detail inligting tot jou beskikking is dat dit wel die geval is nie.

MR MAGADLA: Indeed, some of the targets were killed?

MNR BASSON: Ja, ek is ook maar 'n persoon wat koerant lees en bewus is van al die onthullings rondom die Waarheids- en Versoeningskommissie en ek kan nie sê dat die persone wie se name ek op 'n lys gesien het, is wel van die persone wat geëlimineer is nie.

So, ja, dit is so.

MR MAGADLA: Well, I am not actually mentioning it to you in terms of you from the CCB reading it from the papers, I am mentioning it in terms of you having at some stage reached your target and accomplished your purpose in terms of your Project?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, nooit wat binnelandse aktiwiteite aanbetref nie.

Ek meen, ek vra vrywaring vir persone wat nog leef, so in die sin dat ek kan nie sê ek was deel van iemand wat tevrede was dat ek 'n eliminasië gepleeg het na aanleiding van 'n persoon se naam wat op 'n lys was nie, want dit is nie so nie.

MR MAGADLA: I mean that some of the targets were killed abroad and you as CCB would not have read it from the papers, you would have known it from your Department?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek was nie betrokke by sulke eliminasië nie, al was dit in die buiteland en sou dit dan plaasgevind het deur, sou dit gedoen gewees het deur ander elemente in die BSB, dan is dit

nie algemene praktyk dat 'n persoon inkom en sê ek het so en so gedoen, wens my geluk nie. Dit werk, binne 'n stelsel van covert geheimhouding.

MR MAGADLA: Did you have any Blacks in the CCB that you knew of?

MNR BASSON: U praat van direkte of indirekte lede? Bewustelike of onbewustelike lede?

MR MAGADLA: Both? Did you have any aware members, and if you did, perhaps you can go into that. And if you did have unaware members, we also will deal with that. Let's start with aware members?

MNR BASSON: As ek terug onthou, daar was 'n klein groepie swartmense wat bewustelike lede was. Maar hulle was nie by my Streek nie. Ek was net bewus van hulle, maar ek ken nie hulle identiteite nie.

Daar was wel sulke lede as ek reg onthou, ja.

MR MAGADLA: Where would they have come from?

MNR BASSON: Ek maak weereens die afleiding dat hulle dalk van 'n Spes Magte Eenheid afkomstig was, alhoewel nie van die Spesifieke Eenheid waar ek was nie, maak ek die afleiding dat hulle moontlik van 'n ander vertakking van Spesiale Magte dalk afkomstig was.

MR MAGADLA: This assumption would also include perhaps them having come from 32 Battalion for instance?

MNR BASSON: Dit is moontlik, alhoewel ek nie kennis dra van iemand van daardie bataljon nie, nee. Maar dit is 'n moontlikheid, alhoewel as gevolg van die strukture binne in die BSB, was ek nie bewus van persone wat in ander Streke aangewend word of hulle swart is, blank is of van watter Eenheid hulle afkomstig was nie.

MR MAGADLA: From what you know of the matter, in which specific areas would those Black CCB members been used?

MNR BASSON: Omdat hulle nie in Streek 6 was nie, neem ek aan hulle was betrokke in ander Streke wat dan nou alles buitelands was...

Spesifieke lande kan ek nie vir u sê of spesifieke Streke kan ek nie vir u sê nie, omdat dit nie vir my nodig was om dit te weet nie.

MR MAGADLA: Let's come to the unaware members that fell within your Regions, did you have such members?

MNR BASSON: Ja, die enigste lede is die persone wat Mnr Van Zyl hanteer het. Ek het egter nooit die persone ontmoet nie en nooit het hulle met my kennis gemaak nie, so deur Mnr Van Zyl was ek bewus gewees van indirekte lede binne Streek 6, ja.

MR MAGADLA: Never under yourself were any of these indirect members?

MNR BASSON: Nee, nooit onder myself direk nie, Mnr die Voorsitter.

MR MAGADLA: According to the person who ran these indirect members, did you gain any knowledge from that person as to on what specific areas of activity were they used?

MNR BASSON: Ja, dit is korrek, ja.

MR MAGADLA: Could you share that knowledge with us?

MNR BASSON: Wel, as ons weereens kyk na Mnr Van Zyl, alle werksaamhede van sy indirekte lede moes gedokumenteer word en dan deur Mnr Burger aan my oorhandig word sodat dit op lêer geplaas kan word vir verwysing later want alle finansiële uitgawes word gekoppel aan 'n dokument op 'n lêer wat goedgekeur is, so met ander woorde sou Mnr

Van Zyl 'n indirekte lid hanteer met die name van Peaches, sou daar van tyd tot tyd vir hom byvoorbeeld akkommodasie gereël moet word, vliegtuig kaartjies dalk ander geld om hom bewegingsvryheid te gee, dan sou daardie aanbieding op 'n lêer moet wees sodat die geld getrek kan word met spesifieke verwysing na die aanbieding om die fondse sodoende vry te stel om aan te wend.

MR MAGADLA: You facilitated that?

MNR BASSON: Ja, dit is korrek, ek het dit op lêer geplaas en ek is die enigste persoon wat geld kon bekom, kon trek teen 'n magtiging om te versprei in die Streek. Dit was een van my take as Koördineerder.

MR MAGADLA: Now in line with that, would you have then gone through this requisition for that authorisation and maybe got to know that perhaps these people are going to some other Province within the country, you are authorising a travel fund for the people to go to Gauteng for instance?

MNR BASSON: Ja, dit is korrek.

MR MAGADLA: That did happen

MNR BASSON: Ja.

MR MAGADLA: Then because you were to give this authorisation, I suppose the purpose for which these people would have been going to Gauteng, would have been mentioned in that document?

MNR BASSON: Ja, dit is korrek. Net 'n korreksie, ek gee nie die goedkeuring nie, ek gee nie die goedkeuring dat hulle kan beweeg nie. Daar is 'n Streekbestuurder, 'n Mnr Burger by name, wat in beheer is van die Streek.

Mnr Burger gee vir my opdragte na aanleiding van 'n dokument wat as goedkeuring dien om die persone geld te gee om dan te beweeg van punt A na punt B.

MR MAGADLA: Wasn't it part of the arrangement then, I know it may not have been, but wasn't it part of the arrangement then that even after the accomplishment of the mission, that these people would have set out to perhaps you had feedback of that?

MNR BASSON: Jammer, Mnr die Voorsitter, kan u net die vraag herhaal? Ek verstaan nie u stelling nie.

MR MAGADLA: Here you authorise a fund for someone to go to the Transvaal and the person goes there, maybe things happen there, and maybe things are in the press or something and then you seek to know from the, maybe from Staal Burger as to so this is what this person was going up there for if the press also seems to be indicating that maybe the direction to which, whatever would have happened there, the finger is pointed at the CCB or a covert institution?

MNR BASSON: Ek wil net vir u sê dat dit wat die persoon aanbied en die dokument wat ek op lêer plaas, hy kan slegs binne daardie magtiging, daardie goedkeuring van daardie dokument, mag hy slegs binne daardie goedkeuring optree en fondse spandeer.

So, so hy van punt A na punt B gaan, en iets anders die geld op spandeer as wat hy voor aangevra het, moet daar 'n baie goeie verduideliking en 'n baie goeie motivering wees hoekom dit dan nou addisioneel, aanvullend tot sy aanvanklike plan, hoekom dit dan nie dieselfde is nie.

So wat ek probeer sê is daar word streng volgens 'n aanbieding, volgens goedkeuring word daar fondse gespandeer en sou 'n persoon, want daar is omstandighede dat alles nie volgens plan, dalk verloop nie. Dit is die verloop van die lewe, dan moet hy terugkom en 'n goeie verduideliking en motivering gee hoekom dit anders is.

MR MAGADLA: Would you recall also, giving authority for a drawing of those funds for some of these people, proceeding to KwaZulu Natal for instance?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek onthou van, as ek reg onthou vir Mnr Maree, Mnr Chap Maree, dit was sy verantwoordelike gebied Natal, die destydse Natal en dat hy wel by 'n paar geleenthede dat hy wel in die omgewing van Natal werksaam was, dit is so, ja.

MR MAGADLA: Active in that area, using the unaware members?

MNR BASSON: Ek kan net by sê dat Mnr Maree was nie baie effektief in die sin dat hy het nie regtig daarin geslaag om enigsins produktief te wees in die sin van die doelstellings van die BSB in Natal op daardie stadium nie, en op geen ander stadium nie.

Daar was met ander woorde geen Projekte aangebied of uitgevoer in die destydse Natal nie.

MR MAGADLA: So, the Projects that were carried out in the Gauteng Region were very successful by the unaware members?

MNR BASSON: Wel, Mnr die Voorsitter, die Projekte waarop ek vrywaring vra as 'n mens nou vandag daarna kyk, kan 'n mens nie sê dit was suksesvol nie.

As u verstaan wat ek bedoel. Ja, as u nou verwys na Gauteng spesifiek.

MR MAGADLA: Well, you are applying for amnesty for Projects which were not successful, isn't it in terms of (intervention)

MNR BASSON: Ek kan miskien net Mnr die Voorsitter, op uitsondering die bomontploffing as 'n mens dit sien as 'n sukses, dan is dit dan die enigste goeie of suksesvolle operasie van sy tyd.

MR MAGADLA: ... Marree's attempts did not even reach that level?

MNR BASSON: Nee, Mnr die Voorsitter, dit is maar net so dat alle mense het nie dieselfde vermoë om sy werksaamhede uit te voer nie en Mnr Marree en Mnr Kalla Botha was sulke voorbeelde.

MR MAGADLA: Thank you for now.

MNR BASSON: Dankie.

MR KHOISAN: Okay, Mr Basson, who is Derek?

MNR BASSON: Derek, kan u net vir my met verwysing, ek kan hom nou nie plaas nie.

MR KHOISAN: Okay, let me refer you to an entry on the 14-03-1989 in your diary "die dagboek van Christo Britz", and I think we actually have the written version there, the typed up version which will make it easily accessible, it is page 11 I believe.

In page 11, in the one column there is from 11 to 1, a "inhuis Cleopatra by woonstel". No, but we will leave that for a second because we will deal with that on its own. But now I want to know who Derek is, "wie is Derek", who is this person?

MR KHOISAN: It is a statement where he talks about the murder of Webster, etc, etc, etc and but there he mentions a person by the name of Bruce White. Would Bruce White have been on that target list?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, dit is nie nou vir my moontlik om alle spesifieke name te herroep rondom die inskrywing op die lys nie.

As ons 'n afskrif van die lys kan hê dan sal dit baie help.

MR KHOISAN: No, but I mean I am asking you now ...

MNR BASSON: Dit is 'n moontlikheid, met ander woorde.

MR KHOISAN: Was Frank Chikane on that list?

MNR BASSON: Ek maak weereens 'n afleiding Mnr die Voorsitter, ek neem aan sy naam kon daarop gewees het.

MR KHOISAN: Okay, now Kalla Botha is Deon, right?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Is Deon? And Deon would have been coordinating, he would have been dealing with things in the Transvaal, is that not true, Deon Calitz?

MNR BASSON: Ja, dit is korrek.

MR KHOISAN: Ja?

MNR BASSON: Ja.

MR KHOISAN: Because Chap Marree was over in Natal doing his thing?

MNR BASSON: Ja.

MR KHOISAN: And Slang van Zyl was in the Western Cape doing his think?

MNR BASSON: Ja.

MR KHOISAN: Staal Burger was being the General Manager of the whole Project as such?

MNR BASSON: Ja.

MR KHOISAN: Now whose Project is Cleopatra?

MNR BASSON: Ek dink dit was Mnr Botha s'n. Cleopatra? Ja, dit is Mnr Botha s'n gewees.

MR KHOISAN: Now, why would you have put that, what is the connection between the "inhuis" from 11 to 1 and "die binnelandse teikenlys", because whenever, because the way I understand the CCB is that whenever you had to discuss a Project that had to be moved to an operational level, you had an "inhuis", what was referred to an in house, were discussions in terms of specifics regarding operationalising a plan. Now what is the connection on the same date between the "inhuis" in your entry and "die binnelandse teikenlys".

Was there a person connected to the "binnelandse teikenlys" that had to do with that "inhuis", or were there persons connected to that?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek kan nie onthou waarna die inhuis verwys het nie.

MR KHOISAN: I mean this was two weeks before Webster was killed, you know, maybe that can help you to put you in the picture?

MNR BASSON: Wel, Mnr die Voorsitter, dit is spekulasie. Die persoon Webster was nooit, ooit bespreek gewees op enige aanbieding van die BSB nie.

MR KHOISAN: Nee, ek sê nie dat julle het Webster bespreek nie.

MNR BASSON: Ja, goed, ek antwoord maar net u vraag dat dit is definitief nie Webster nie, maar ek kan nie spesifiek vir u sê, as ons die lêers gehad het sou dit beslis baie gehelp het. Maar ek kan nie uit my geheue uit so lank terug onthou wat dit was nie, met respek.

MR KHOISAN: Okay, the reason I am mentioning that entry of the "binnelandse teikenlys" with Derek the Intelligence person over here, and it would help us to get the full name of Derek and maybe we can talk about that as we go along, but the next day on 15-03-1989, there is an entry "wapen vir Deon". Now why did Kalla Botha have to get a weapon on the next day and why did you provide him with one or why did you make an entry relevant to a weapon for Deon?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, die kwessie daar van 'n wapen het niks te doen met enige aanbieding van Kalla Botha nie, omrede die persoon het geen aanbieding gedoen hoegenaamd ook al wat ontwrigting behels nie.

Ek het teruggegaan na my getuienis voor die Harms Kommissie, want ek kan ook nie onthou het met die voorbereiding wat dit beteken nie.

Daar het ek gesien dit het verwys na, wat ek daar genoem het, verwys na daar het 'n beleid, daar was 'n beleid uitgevaardig dat persone van BSB met behulp van Staatsfondse, vir hulself handwapens kon bekom.

Ek dink al die persone het gehad in die Streek, behalwe Deon en dat hy vir my moes sê waarin hy belangstel of dat ek hom moes herinner om dan nou sodanige wapen dan nou, die kwotasies en so meer, te kry.

MR KHOISAN: Nee, wat ek sê ek stel daardie dae tesame, because on the 14-03-1989 there is from 08:30 to 10:30 you are meeting Richard in connection with an "aanbieding", in other words he is presenting a plan to operationalise a Project, is that correct?

MNR BASSON: Ja, Richard is 'n persoon wat gekoppel was aan 'n buitelandse Projek.

MR KHOISAN: And who is Richard by the way?

MNR BASSON: Richard, ken ek net sy administratiewe naam.

MR KHOISAN: What is his administrative name?

MNR BASSON: Richard Collins, as ek reg onthou.

MR KHOISAN: Richard Collins, and in which Region was Mr Richard Collins operational?

MNR BASSON: Hy was operasioneel in, ek is nie seker wat die Streek se naam is nie, maar die land is Zambië.

MR KHOISAN: Zambië, that would be, Zambië, Tanzanië and ...

MNR BASSON: Ja, ek is nou nie seker wat die Streek ...

MR KHOISAN: And Angola? But he was in Zambië.

MNR BASSON: Hy was Zambië spesifiek.

MR KHOISAN: Okay, so the very next day in fact, let me just go through this whole thing here, because "Richard maak 'n aanbieding", he makes a presentation and then in the notes you have there "(onduidelik) Kaunda", what does that mean? Because he is operational in Zambië, and there is (indistinct) Kaunda, who what is the connection?

MNR BASSON: As u kyk na die opskrif van daardie inskrywing, daar staan Burt Maxi, dit was Maxi was 'n Projek gewees van Mnr Burger en

dit was 'n naam wat of aan hom gegee was of wat hy aan my gegee het wat ek moes klarifiseer.

MR KHOISAN: No, but can we deal with Mr Burger separately because I know his name is Burt Brummer.

MNR BASSON: Ja.

MR KHOISAN: And we will deal with Project Maxi in a separate, but I am very interested to see that because that entry over here, it says "Richard maak 'n aanbieding" and he is with you for two hours, which means he is making a substantial presentation. The CCB was not about having personal contact, this is not about a social club, it is serious business, a covert operation like any other covert organisation, like the CIA, or whatever, any other Special Force organisation in the world.

People take their time very seriously and I would assume that you as one of the key people had dealt with him for two hours in which he was making a presentation, and then on the next day, on 15-03-1989, "vir aanbieding, Richard ontwrigting".

Now, what was Richard going to be doing?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, dit is suiwer 'n buitelandse Projek.

MR KHOISAN: What was he going to be doing in Zambia at that, what was he, was he giving you a plan to, or was that to do with killing an ANC person in Zambia or what was it about?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek wil van my swygreg hier gebruik maak in die sin dat dit 'n buitelandse Projek is wat inkriminerend is, kan wees.

MR KHOISAN: Okay, can I say you are refusing to answer that question?

MNR BASSON: Dit is korrek, ja.

MR KHOISAN: You are refusing to answer that question and that question is relating to an action of the CCB which was finalised on the 14-03-1989 and carried out forthwith? IT was discussed, the final, because "n aanbieding", the presentation is to operationalise a plan, that is the way the CCB worked?

MNR BASSON: Goed, Mnr die Voorsitter, kan ek net vir u verduidelik dat as u kyk na die 14de Maart, doen Richard of berei Richard 'n aanbieding voor waar ek as persoon teenwoordig is.

Goed, dit vat tyd om 'n aanbieding voor te berei. As 'n mens kyk na die volgende bladsy, tweede van bo af, "vir aanbieding Richard/ontwrigting". Wel, beteken dit as ek 'n logiese afleiding maak dat ek moet 'n tyd reël vir die aanbieding aan die Besturende Direkteur om magtiging te kry of dit is dalk die tyd gewees vir die aanbieding. As u verstaan wat ek bedoel.

MR KHOISAN: Well, I mean you were the Coordinator. You, Joe Verster was the man who was basically running the show outside the country as such and if he was making an "aanbieding", he wouldn't be making an "aanbieding" to you. I assume that he would be, if you are making a presentation for a plan to operationalise a plan, Mr Verster was here with us and he presented his own view of what his thing is, in terms of structures, how the thing was operationalised.

And also from the documents that we have sent you, both written by Major General Kloppers and also the other document that we sent to you. We have a clear sense of how things move from one stage to another.

What I am saying to you and what I am asking you about is what kind of presentation Richard was making and what kind of "ontwrigting" was he going to do in Zambia, in Region 5?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ons besef wat die woord ontwrigting beteken. Spesifiek kan ek nie onthou waarom die aanbieding gegaan het nie omrede detail nie beskikbaar is nie.

En dit is in die buiteland, so ons spekuleer maar dit mag my inkrimineer sou dit ...

MR KHOISAN: Now who is Richard specifically?

MNR BASSON: Dit was 'n persoon wat kontak gehad het soos Zambië, besigheidskonneksies gehad het met vermoëns daar en dit is 'n persoon wat gebruik is om aksies te loods.

MR KHOISAN: Did this person know Big Alex (indistinct), or was he an associate of Big Alex (indistinct), or were the same ...

CHAIRPERSON: Sorry, at this stage you will have to take a lunch adjournment and we will resume at two o'clock. You can hold your question Mr Khoisan until then.

MR KHOISAN: Thank you very much.

COMMISSION ADJOURNS

ON RESUMPTION

CHAIRPERSON: At the resumption, Mr Basson, you are still under oath.

WOUTER JACOBUS BASSON: (steeds onder eed)

MR KHOISAN: Good afternoon Mr Basson.

MNR BASSON: Good afternoon Mr Khoisan.

MR KHOISAN: Okay, just on the issue of this man J. Black. You mentioned Swart to me and I just want to clarify one thing, it has come to my attention that one Brigadier Swart?

MNR BASSON: No, it is not the same person.

MR KHOISAN: It is not Brigadier Swart?

MNR BASSON: No.

MR KHOISAN: Okay, now just when we left off at the break we were on this issue of, let me get it exactly, "Derek, die binnelandse teikenlys" and then from there, we moved to one Richard. Now you put it to us that Richard operated in Region 5, which would essentially have been ...

MNR BASSON: No, not Region 5, the Zambia Region.

MR KHOISAN: Yes.

MNR BASSON: Region 5.

MR KHOISAN: No, Region 4 I believe. Let me just get that for the record so that we have that exactly correct.

MNR BASSON: Yes.

MR KHOISAN: Region 4 would be Zambia, Angola and Tanzania.

MR DU PLESSIS: That is correct.

MR KHOISAN: That is one Richard. The identity of this Richard, Richard is who? We were on that?

MNR BASSON: I will have to come back to you on that one. Ek sal terugkom in die verband Mnr die Voorsitter, ek is nie seker wat die

persoon se naam was nie, ek het hom baie lank laas gesien ek sal terug kom na u.

MR KHOISAN: But his administrative name?

MNR BASSON: Richard Collins.

MR KHOISAN: Richard Collins? Thank you sir. Richard Collins.

Now Richard Collins had a Project to, he had a meeting where he had to put together a presentation for "ontwrigting" and this "ontwrigting" would take place in the area known as Zambia.

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Okay, now we want to know what "ontwrigting" that was?

MNR BASSON: Ek weier om die vraag te antwoord Mnr die Voorsitter, as gevolg van redes reeds bekend aan die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay, and just for the record, I am asking you are you refusing to answer this question?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Okay. And now let us proceed off off this. Just while we are on this question, according to the documentation that has been put to us and the information gained in this process and also in the broader investigation process, each Region had places where arms caches were held. Where was the arms cache for Region 6?

MNR BASSON: Streek 6 het nie 'n wapenopslagplek gehad nie, sover my kennis strek.

MR KHOISAN: Okay, where was the arms cache for Region 1, or the arms caches for Region 1?

MNR BASSON: Ek dra nie kennis daarvan nie Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: And the arms caches for Region 2?

MNR BASSON: Ek dra ook nie kennis, ek dra geensins kennis van wapenopslagplekke in Streeksverband nie Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay, if in the process of investigation it emerges that there were caches and that in one way or the other, as the Coordinator, you may have interacted with that information, what is your position then?

MNR BASSON: Ek staan by die punt dat ek is nie bewus van enige wapenopslagplekke waarvan ek behoort te gewet het nie.

MR KHOISAN: Okay, now I want to draw your attention to a document which you have in front of you, which is Annexure 1. Okay, "burgerlike samewerkingsburo". Okay, it is amongst the list of annexures in the documentation put to you.

"Burgerlike samewerkingsburo", in fact it is probably in that file, I am looking at that file there, it should be the very first annexure, that is it, yes.

Is that it, do you have it in front of you? "Burgerlike samewerkingsburo", okay go to the very end of that document and then page back ten pages. Page back to page 32, to the last page, it says page 32 of that annexure.

You've got that?

MNR BASSON: Ja, ek het dit.

MR KHOISAN: Okay, now from there, page back to page 22, I am just helping you so that it is, have you got page 22?

MNR BASSON: Goed, u kan voortgaan.

MR KHOISAN: The first three words on there is "lande in Europa"?

MNR BASSON: Ja, dit is reg.

MR KHOISAN: Okay. Do you see point (c) there?

MNR BASSON: Ja ek sien, gaan gerus voort.

MR KHOISAN: Okay, that is person number 8, Project Crawler. That is for your information and it is point 20, but we are on page 22. On page 22 to read it full into the record "die ware doel van hierdie skip was om primêr te dien as 'n wegsteekplek vir mense wat ontset sou word uit 'n gevangenis in Harare. Hierdie Projek het as Projek Direksie bekend gestaan waarvan die Minister van Verdediging persoonlik die Voorsitter was." Do you agree with that that the person in charge of Project Direksie was die Minister of Defence, Mr Magnus Malan, I believe?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek is bewus van wat hier staan. Daar was vroeër 'n vraag gevra of die Minister van Verdediging persoonlik die Voorsitter was waarop ek geantwoord het ek is nie bewus van die feit dat hy daarvan geweet het nie. Dit was nie op my vlak nodig geag dat ek so iets sal weet nie.

Dit is op top bestuursvlak sou die Projek dan nou goedgekeur gewees het volgens die skrywe, maar negatief, ek kan nie antwoord daarop nie, ek dra nie kennis daarvan nie.

MR KHOISAN: But you do know that you are presented as the Coordinator of Project Crawler, is that correct?

MNR BASSON: Ja, maar ...

MR KHOISAN: In documentation that has already been put here, Direksie (indistinct).

MNR BASSON: Dit is heeltemal korrek, maar u verwys na Projek Reksie, waarvan Mnr van Staaden die BSB Bestuurder was met die res van die verdediging, res van die Weermag wat dan sodanig betrokke was.

Tot op watter vlak kan ek egter nie vir u sê nie.

MR KHOISAN: Okay, now Project Direksie, did it include various branches of the same thing, Direksie 4, Direksie 5, Direksie 1, Direksie 2?

MNR BASSON: Ek herinner my aan meer as een Direksie. Waarvoor dit spesifiek was, kan ek egter nie onthou nie.

MR KHOISAN: But are you prepared to discuss with this Commission whether this was all part of Project Direksie?

MNR BASSON: Ja, as die naam bly Direksie, dit is as ek 'n afleiding maak, dit is onderafdelings van die Projek Direksie.

Dit het betrekking op verskillende persone neem ek aan.

MR KHOISAN: Okay, now this Project Direksie, this Direksie 4 of which your name appears on this particular certificate of the release of funds relating to R5 386 804-37.

That particular part of the Project to which you have an association, you agree with that. Now was Direksie 4 a forward activation of the plan Direksie? Would that entail the stages of the Project or would that entail just subdivisions of the Project? Would Direksie 4, would that entail that the Project had reached a certain level?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek probeer onthou. Aangesien die bedrag 'n aansienlike bedrag is kan ek, maak ek weereens die afleiding dat

ek is nie heeltemal seker nie, dat dit 'n laat stadium was van Projek Direksie en om alle beskikbare informasie of dit was op lêer is te skei van die res, is daar 'n Direksie 4 geopen om praktiese redes, om 'n aparte lêer met ander woorde te hê met die aparte begroting rondom die hantering van die Projek.

MR KHOISAN: So it would be correct to say that Project Direksie would have formed one of the biggest Projects of the CCB?

MNR BASSON: Dit is nie my kennis om vir u daarop positief te antwoord nie. Direksie was 'n groot Projek, of dit die grootste was kan ek nie vir u sê nie.

Ek dra nie kennis van alle BSB Projekte nie.

MR KHOISAN: Okay, now you worked internally inside the country and I am trying to, because you see there is another part of this. It is the use of taxpayers' money for situations which would and could have resulted or is alleged to have resulted in gross human rights violations, do you understand that?

MNR BASSON: Yes.

MR KHOISAN: Okay, now in terms of your understanding of just, let's square the finance part of it, because that is a big amount of money.

Was there any Project according to your knowledge where there was a release of this amount of money for a Project at a particular time?

MNR BASSON: Nee Mnr die Voorsitter. Ek wil ook net op rekord plaas dat die bedrag volgens die dokument wat handel oor die vrystelling van fondse is dit 'n bedrag wat goedgekeur is en of die werklike spandering dan nou per se plaasgevind het, kan ek nie bevestigend antwoord nie.

So ons kyk na 'n begrote bedrag as ek my duidelik uitdruk op hierdie stadium.

MR KHOISAN: Well, it is next to a certificate of funds that said "die Voorsitter het op die en daai, sien aanhangsel, goedgekeur" and I think it is self explanatory that this money was approved.

MNR BASSON: Ja, dit is korrek, die bedrae is goedgekeur, maar soos ek sê of dit spandeer is kan ek nie vir u positief antwoord nie.

MR KHOISAN: We are talking about the 18-10-1989 and that was approved and I am saying to you my position to you is, this was an amount of R5,3 million approved.

Was there any other amount, any other Project according to your knowledge of the CCB, and given the fact that you were the Coordinator, where you saw a release of funds in and around the same amount?

MNR BASSON: Negatief Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay, now would I be correct to say that Project Direksie was a Project that was put in jeopardy by the behaviour of one Brigadier Swart among others?

MNR BASSON: Ek verstaan nie die vraag nie Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Could it be that Brigadier Swart in full military regalia at one time went to the ship with other members of the SADF, senior members and that he was drunk and that he was seen by civilians and that this was an embarrassment and at the same time an unearthing of a covert Project?

MNR BASSON: Wel, Mnr die Voorsitter, ek praat nou suiwer as 'n persoon wat vir Brigadier Swart ken en volgens my beskeie wete, is

○ Brigadier Swart nie 'n persoon wat hom sal skuldig maak aan so 'n aktiwiteit nie.

Hy is 'n trotse offisier en ek betwyfel of dit wel plaasgevind het indien iemand so beweer.

MR KHOISAN: Okay, so according to you there is nothing that you have heard about where Brigadier Swart compromised this Project?

MNR BASSON: Nie waarvan ek bewus is nie, ek was nie by nie.

MR KHOISAN: So how did it come that Keith and others had to go and answer on this particular case where the Captain of that ship that was used in Project Crawler, his identity became known? I believe it is Keith Lightfoot that you mentioned?

MNR BASSON: Ja, dit is korrek.

MR KHOISAN: But he was only known as Keith in the judicial proceeding?

MNR BASSON: Wel, ek dra nie kennis van hoekom die persoon se regte naam bekend gemaak is nie. Ek maak 'n afleiding sy naam het bekend geraak omdat hy ontevrede was met die aflegging van sy Projek en dat hy 'n hofgeding begin het en dit het sy naam geïmpliseer, dit is die afleiding wat ek maak.

MR KHOISAN: So, why we are on the Project there, do you know one Jeff in Johannesburg, he was a dagga salesman?

MNR BASSON: Negatief, ek ken nie so 'n persoon nie.

MR KHOISAN: Okay.

MNR BASSON: Ekskuus, daar is 'n Jeff. Ek het 'n Jeff persoon geken, maar dit is definitief nie 'n smokkelaar met verdowingsmiddels nie.

MR KHOISAN: You don't know a Jeff in relationship to one Karl Casteling Botha?

MNR BASSON: Nee, Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: You don't know of the tasking of one Jeff to burn down or to burn a car of somebody in the Johannesburg area?

MNR BASSON: Ek kan nie die naam Jeff herroep en bevestigend antwoord daarop nie.

MR KHOISAN: Okay, there is this whole thing of Jacko and we have already established that Jacko is J. Black and that he was one of the most senior members of the organisation as you have put it to us?

MNR BASSON: Negatief. Hy was nie, Mnr Verster was die mees senior persoon in BSB.

Jaco, ja afgesien nou van die Voorsitter wat die Bevelvoerende Generaal was van Spesiale Magte en Jaco was 'n Bestuurder net soos enige ander Streekbestuurder, was hy 'n Finansiële Bestuurder, met ander woorde hy was op die vlak van Mnr Burger gewees en alle ander Streekbestuurders, en dit maak hom nie 'n persoon wat direk onder Mnr Verster was nie.

Hy was suiwer 'n Bestuurder.

MR KHOISAN: Okay, we will deal with that at a later stage. But this man Jacko is mentioned in relation to Derek, the same Derek that we talked about that was the Intelligence person who provided "die binnelandse teikenlys". We have dealt with that, I believe that was dealt with on the 14th, right?

Now there is this entry on page 11, let me just get page 10 so that we first get, okay and that is the entry for the 06-03-1989. Okay "kry doelwit vorms plus pligskaart".

MNR BASSON: Pligstaat.

MR KHOISAN: "Pligstaat, ja, Streek sosiale tyd" and that is for the 15-03-1989 "maak tyd vir aans..."

MNR BASSON: Aanbieding van Richard.

MR KHOISAN: Okay, so that is Richard's presentation and then we have over there, we have "Jacko teken oordrag van fondse. NB praat met Jacko oor Crawler, praat met Derek oor foto's." Now I want to know from you whether Jacko was part of Crawler?

MNR BASSON: Gesien in die lig dat Jaco die Finansiële Bestuurder was en 'n bedrag, ek kan nie onthou wat was die bedrag nie, betrokke by die aankoop van die bate van die Projek, was Jaco wel betrokke rondom die finansiering, rondom die afhandeling van die aankoop en dit was sy betrokkenheid.

Dan ook later met die dag tot dag bedryfsuitgawes van die Projek, omdat dit 'n finansiële intensiewe Projek was, was dit nodig gewees dat Jaco meer kennis moet dra aangesien redelike bedrag geld ter sprake was en dit was met ander woorde, sy betrokkenheid was finansiële rondom die Projek.

MR KHOISAN: Okay, so shall I say that in terms of F. Helberg, F. Wilson, K. Lightfoot, A. Kotze, B. Heyns and we know who you are, that one of these people might be the same person as Jacko?

MNR BASSON: Nee, dit is nie so nie. Die persone, die ander persone daar genoem is almal persone wat as ek reg onthou, persone wat gewerf was om diens te doen op die bate, op die skip self.

Met ander woorde tegniese en ondersteuningspersoneel.

MR KHOISAN: Okay, so Jacko was involved in Crawler?

MNR BASSON: Finansieel.

MR KHOISAN: He was involved with the finances of Crawler?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Now these photo's that I referred to in the next entry, are they the same photo's that are referred to later down in the page, "Derek binnelandse teikenlys", which photo's did you need from Derek? Were those photo's for targets?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek kan nie my herinner aan die spesifieke foto's nie. Ek kan dink dat hy wel oor foto's beskik het, binnelands of buitelands kan ek nie vir u sê nie, en dat ek dit graag wou sien.

MR KHOISAN: Okay, I just want to put it to you that this person Jeff appears "oordrag van fondse", who is, point 2, who is J.G. (indistinct)?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek weet nie, ek weet nie waarvoor die afkorting staan nie. Ek probeer die hele paragraaf in verband sien, maar ek kan u ongelukkig nie daar help nie.

MR KHOISAN: Okay, who is J. Hayles?

MNR BASSON: Dit is ook die naam van 'n persoon van Streek 7, as ek reg onthou.

MR KHOISAN: From Zimbabwe?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Okay, and this person, was this person also connected to those people who were CCB members who were in prison in Harare?

MNR BASSON: Wel, weereens sal ek verkies om nie die vraag te antwoord nie Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: So let me put it to you this way, you are refusing to answer that question?

MNR BASSON: That is correct.

MR KHOISAN: Okay, so let me bring another question to you. The gang of five what has become known as the gang of five, who were in prison in Zimbabwe, were those CCB members?

MNR BASSON: Ek handhaaf dieselfde gevoel rondom hulle, dat ek nie vrae daaroor wil antwoord nie Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: And so you are refusing to answer that question?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Around specifically around the persons known as the Harare 5, who were convicted of acts committed in Zimbabwe?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: And would this J. Hayles person be connected to some of the actions taken in respect of promoting a dangerous or negative security situation for ANC and PAC members in Zimbabwe?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, dit is 'n buitelandse Projek waaroor ons vroeër geargumenteer het en ek staan by die punt dat ek nie vrae daaroor wil antwoord nie.

MR KHOISAN: Okay, you are refusing to answer that question?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Okay, now this person Jeff, was he ever recruited to work on one or other section of Project Crawler?

MNR BASSON: Ek is nie seker of dit so was nie. Jeff is ook suiwer 'n buitelandse, 'n persoon van die buiteland. Of hy spesifiek verband gehad het met Projek Crawler, dit is moontlik, ek is nie heeltemal seker nie.

MR KHOISAN: Okay, now in the statement of Karl Casteling Botha which we have given you, it is located in Annexure 3, I just want to get clarification here, Annexure 3 and it is over there, Annexure 3.

Okay, and that concerns CCB operative by the name of Deon Calitz.

MNR BASSON: Korrek.

MR KHOISAN: And Deon Calitz is Kalla Botha?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Now Kalla Botha said that he had built up a connection with "ek het 'n kleurlingman", he says on page 6 of his statement and 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7,8, in the eighth paragraph "ek het 'n kleurlingman by die naam Jeffery te Randfontein gewerf."

MNR BASSON: Goed, gaan maar aan.

MR KHOISAN: "Hy is 'n dagga verkoper. Op 'n stadium het hy my die naam van Anton Roskam verskaf as 'n linkse aktivis. Ek het die naam met Burger bespreek. Daar is deur middel van die Inligtingsoffisier verdere inligting rakende Anton Roskam bekom. Daar is aan my meegedeel dat hy die Voorsitter is van die Wits Studenteraad sowel as aktief betrokke by die EEC en (onduidelik) as 'n linkse aktivis."

Now this Intelligence Officer that Mr Botha is referring to, is that the same man that we know as Derek?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek kan myself nie herinner aan dit wat Mnr Botha in hierdie verklaring sê nie. As dit so is, dan was dit die persoon Derek, ja.

MR KHOISAN: Okay, now that Jeff, that Jeff, that dagga seller in Randfontein, that Jeffery, that Jeff who performed that job of you know, of burning out the car of this activist that we have just mentioned, do you remember at any time hearing about, or getting to know about that person?

MNR BASSON: Ek kan dit nie onthou nie Mnr die Voorsitter. Die Jeffery en die Jeff is twee verskillende boeke. Die Jeff in my boek is nie dieselfde persoon nie.

MR KHOISAN: So who is the Jeff in your book, how do you know that it is a different person? Can you tell me the full details of this particular Jeff who is mentioned in 4?

MNR BASSON: Die Jeff by paragraaf 4 in my dagboek het betrekking op 'n buitelandse Projek.

MR KHOISAN: Where?

MNR BASSON: Gekoppel aan Direksie, waaroor ek verkies om nie vrae te antwoord nie Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay, so shall I say to you that you are refusing to answer the question in terms of Jeff?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Was Jeff a member of the Project Crawler and Direksie?

MNR BASSON: Hy was betrokke by Projek Direksie en in 'n mindere mate by Projek Crawler, ja.

MR KHOISAN: Is Jeff a South African citizen, was he a South African citizen or a citizen of the then Zimbabwe, of Zimbabwe?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek verkies om nie die vraag te antwoord nie.

MR KHOISAN: If I put it to you that he was one of the Military people from the former Rhodesia who became hooked up with the CCB as part of your Projects in Zimbabwe, would that be correct?

MNR BASSON: Ek het nie kommentaar te lewer nie, dit het dieselfde implikasie dat ek nie daarvoor wil antwoorde verskaf nie.

MR KHOISAN: You are refusing to answer that question?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: Would he also be one of those people who was hooked up in trying to promote what was known as Super Zapo and promote a civil war in Zimbabwe?

MNR BASSON: Nee, ek dra nie kennis daarvan nie, Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: Okay, on point 5, there is an emergency meeting of Region 6. What was that emergency meeting about?

MNR BASSON: Negatief, die SOS is 'n afkorting vir sosiale byeenkoms Streek 6. Dit verwys na die tweede lyntjie bo in die bladsy waar 'n sosiale geleentheid gereël moes word.

Die tyd, om 'n tyd te bevestig.

MR KHOISAN: To confirm a time to?

MNR BASSON: Om sosiaal te verkeer.

MR KHOISAN: And what is this thing on 7, "lewensvatbaarheid studie"?

MNR BASSON: Dit het te doen met die skip, die bate van Crawler om te kyk na lewensvatbare studie vir die vaartuig.

MR KHOISAN: So at that time, the ship had already been purchased?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, ek is nie seker wanneer dit aangeskaf was nie. Ek is nie seker nie.

MR KHOISAN: Okay, so you know this thing of Richard, we are back to Richard. You see Richard, next to Richard is mentioned Molepe, (indistinct) Lelanda, (indistinct), what is that now, that is on page 11. We are on the same page?

"Kry Cleopatra lêer, Direksie 5", it says there, what is that?

MNR BASSON: Kan u net, o, dit het ook betrekking op 'n buitelandse Projek waarop ek sal verkies om nie vrae te antwoord nie Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: You are refusing to answer the question?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: In which Region?

MNR BASSON: Dit is 'n buitelandse, ek is nie seker in watter Streek dit was nie. Die name ...

MR KHOISAN: Would that be in Zimbabwe?

MNR BASSON: Nee, ek het 'n vermoede dat as 'n mens dit lees regoor die persoon, die aanbieder dat dit in Zambië dalk meer van toepassing is.

MR KHOISAN: (Indistinct), isn't that like Zimbabwe type, but Lelanda I can understand is, Lelanda is definitely a Zambia thing, right?

MNR BASSON: Wel, ek spekuleer Mnr die Voorsitter.

MR KHOISAN: So these entries all have to do with Richard, I assume?

MNR BASSON: Dit is korrek, buitelandse Projek.

MR KHOISAN: So then maybe you can explain Project Cleopatra to us. What was Cleopatra?

MNR BASSON: Cleopatra was Mnr Kalla Botha se Projek.

MR KHOISAN: Okay, then your entry reads "kry Cleopatra lêer/Direksie 5", what is the connection between Kalla Botha's Project and Direksie 5 and what is Direksie 5?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, daar kan nie 'n ooreenkoms wees of 'n verband wees tussen die twee nie.

Dit was net nie moontlik nie. Direksie, die Projek Direksie het absoluut niks te doen gehad met Mnr Burger en sy mense, sy spesifieke polisiemense nie.

MR KHOISAN: Mr Botha worked in Police. What was Cleopatra again, what is that?

MNR BASSON: Cleopatra was the Projeklêer van Kalla, van Mnr Botha.

MR KHOISAN: En wat het dit behels?

MNR BASSON: Enige aksie wat hy sou loods, of wou loods, enige aanbieding wat soos met enige ander lêer dan daarop geplaas sou gewees het.

MR KHOISAN: Okay, so it would be safe to assume that I mean, you have here "n inhuis" from 11 to 1, that is a two hour meeting where you are going to discuss the activation of a Project and the Project is Cleopatra and that is Mr Botha's Project and Karl Casteling Botha's statement is here, so let's see what was his Project.

Did Karl Casteling Botha have a Project that would have involved the killing of Frank Chikane?

MNR BASSON: Negatief, nie waarvan ek bewus is nie.

MR KHOISAN: Okay, and then he says in his statement in page 3, the very last thing, "tydens my vergaderings met ander lede het ons op 'n stadium elkeen twee name gekry. Ek het die name van Frank Chikane en Bruce White gekry. Ek het 'n komperdruk ontvang oor Frank Chikane." Now he got a computer printout, that is to basically send somebody on an activation duty, because yours was a Super Secret organisation, you wouldn't allow information relevant to an ongoing and activated Project, to just be printed out, because there was something related to secrecy, wouldn't I be correct to assume that?

MNR BASSON: Goed, dit is korrek.

MR KHOISAN: So, as the Coordinator and this is a Region that is not outside the country, this is Region 6?

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: And there were attempts on the life of Mr Frank Chikane, as you well know?

MNR BASSON: Maar van Mnr Botha se kant af, was daar geen.

MR KHOISAN: How do you know that?

MNR BASSON: Dit mag wees dat, wel niks waarvan ek bewus was nie. Dit mag wees dat hy wel inligting op hierdie mense probeer insamel het, want ons is bewus dat hy vir Bruce White well gemonitor het.

En dat hy wel inligting gekry het van 'n Mnr Frank Chikane, maar sê ek vir u daar was geen Projek waarvan ek bewus is om hierdie mense te elimineer of enige aksie teen hulle te loods nie.

MR KHOISAN: Are we talking about the same period, when this entry took place, because this particular thing takes place in the same, in and around the same period. This is the 14-03-1989, it is in and around the same period when you were meeting and also in and around the same period when the Webster murder occurred if I am correct.

Where would he have gotten this printout because yours was a Super Secret organisation? Mr Botha could have gone and gotten information from any other source in the Police Force, but he was forbidden to do that because of the rules of the organisation. The rules of the organisation was that everything had to be dealt with in house, including the Intelligence gathering.

MNR BASSON: Dit is korrek.

MR KHOISAN: And if one person was not conducting his job correctly, he would collection would be done on him, he would be monitored, not by an outside agency but by somebody inside the group.

As was the case with Peaches Gordon when he was not conducting his work properly, then Ferdi Barnard had to be send down to Cape Town to deal with the collection on Peaches Gordon, so now where, why would

he, I mean as a confirmed inside member of the organisation, what you would term "n bewustelike lid van die organisasie", why would he just put something like that in a statement, that he got two names one was Frank Chikane and one was Bruce White?

MNR BASSON: Mnr die Voorsitter, dit is moontlik dat hy die name ontvang het om inligting op in te samel. Dit is 'n afleiding wat gemaak word dat hy 'n komperuitdruk ontvang het van die Polisie of van enige ander instansie.

Ek dra nie kennis van so 'n uitdruk nie en ook om die vraag van Slang van Zyl en van Mnr Barnard, Ferdi Barnard ook op te klaar, dit was nooit onder my aandag gebring nie.

Ek was nooit bewus van die feit dat hy vir Mnr Ferdi Barnard gebruik het, soos hy gedoen het nie, ek was nooit bewus daarvan nie.

MR KHOISAN: We are going to deal with Mr Barnard separately because the issue of Mr Barnard's employment with the CCB must be dealt with, but we are not going to deal with that right now. I am just pointing to that as an example of the mechanisms, because this was a secret organisation.

You didn't do things (indistinct), you dealt with things in a very professional manner. Now I am saying that the man says that "elkeen het twee name gekry." So which are the names. He says that he got the name of Bruce White.

You say that you were aware that he was doing collection on Bruce White?

MNR BASSON: Ja, dit is korrek. En Mnr Chikane kan ek nie spesifiek onthou nie. Dit kan wel 'n moontlikheid wees, maar soos ek vir u gesê het, daar was nêrens 'n aanbieding gewees hoegenaamd om met die Projekte voort te gaan nie.

